higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

15 NOVEMBER 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 B
1.3 A
1.4 A
1.5 D
1.6 D
1.7 C
1.8 C
1.9 C
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 H
2.2 F
2.3 J
2.4 C
2.5 A
2.6 B
2.7 E
2.8 G
2.9 I
2.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Restitusie
4.2 Rape Crisis
4.3 Georganiseerde misdaad
4.4 Sopkombuis
4.5 Parameter

(5 × 1) **[5]**
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 ‘n Hoë Hof het jurisdiksie in sy eie gebied oor persone wat in daardie gebied woon of teenwoordig is. Hierdie howe verhoor sake wat van so ’n ernstige aard is dat die laer howe nie in staat sou wees om ’n geskikte uitspraak te lewer nie.

Konstitusionele Hof is die hoogste hof vir alle grondwetlike aangeleenthede. Dit is die enigste hof wat by magte is om geskille tussen nasionale of provinsiale organe te bereg. (4)

5.2 Aantekening aan nasiener: Enige DRIE van die volgende kan as korrek nagesien word.

- Voorkom, beveg en ondersoek misdaad
- Handhaaf openbare orde.
- Beskerm openbare orde.
- Beskerm en beveilig die inwoners van die Republiek en hul eiendom.
- Handhaaf en dwing die reg af. (Enige 3 × 1) (3)

5.3 Aantekening aan nasiener: Enige DRIE van die volgende kan as korrek nagesien word.

- Verhoed enigiets wat die veiligheid en sekerheid van enige gemeenskap kan bedreig.
- Ondersoek enige misdade wat die veiligheid of sekerheid van enige gemeenskap bedreig.
- Verseker dat misdadigers voor die gereg gebring word.
- Neem deel aan pogings om die oorsake van misdaad te hanteer. (Enige 3 × 1) (3)

5.4 Aantekening aan nasiener: Laat studente se eie interpretasie toe.
Eenheid vir onwettige immigrasie – Hantering van onwettige instroming van persone van naburige lande. (2)

Kopiereg voorbehou

5.5 Aantekening aan nasiener: Enige AGT van die volgende kan as korrek nagesien word.

- Misdaadondersoek behels die bestudering van die feite wat met ’n misdaad verband hou ten einde die misdadiger te identifiseer of op te spoor en sy of haar skuld of onskuld te bewys. ’n Volledige misdaadondersoek kan deursoekings, onderhoude, ondervraging asook verskeie ondersoekmetodes insluit.

Die doel van misdaadondersoek:

- Identifiseer die misdaad wat gepleeg is.
- Stel vas dat ’n misdaad inderwaarheid gepleeg is.
- Samel getuienis in.
- Individualiseer die misdaad. Identifiseer die verdagtes, spoor hulle op en neem hulle gevange.
- Lê die beste moontlike saak aan die aanklaer voor.
- Help met die vervolging van die persoon wat van die misdaad aangekla word deur aan die aanklaer se versoeke te voldoen om ’n goeie saak teen die verdagte op te bou. (8)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van TIEN punte.

- Die Unie het tot stand gekom ooreenkomstig die Zuid-Afrika Wet, 1909, wat deur die Britse Parlement goedgekeur is en op 31 Mei 1910 van krag geword het.
- Die Unie sou onder Britse administrasie bly, met die Koning as die uitvoerende gesag, en sou deur ’n goewerneur-generaal verteenwoordig word.

Hoofstuk VI van die Unie-grondwet het voorsiening gemaak vir:

- Die totstandbrenging van ’n hoogste hof en provinsiale afdelings van die hof.
- Die bemagtiging van die hoofregter en regters van die hof om reëls vir die werkwyse van verrigtinge te maak.
- Die regsreëls wat ten tyde van die stigting van die Unie gegeld het, sou steeds in die onderskeie afdelings geld.
- Die wette wat die toelating van advokate en prokureurs gereël het om in enige hoër hof van die kolonies te praktiseer, sou van toepassing wees op die ooreenstemmende afdelings van die hoogste hof.
- Die aanstelling van prokureurs-generaal met die bevoegdhede, gesag en funksies om vervolgings vir misdade en oortredings in te stel.
- Geen spesifieke melding is van die vervolgingsprosedure gemaak nie. (10)

6.2 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van AGT punte.

Misdaadinligting help om:

- Misdade op te los
- Taktieke te ontwikkel om toekomstige misdade te voorkom
- Oortreders op te spoor en hulle te arresteer
- Oortreders te vervolg
- Veiligheid en lewensgehalte te verbeter
- Patrollies en ondersoeke te prioritiseer
- Misdaadprobleme te bespeur en op te los
- Hulpbronne op die korrekte manier te versprei
- Die publiek oor misdaad op te voed. (Enige 8 × 1) (8)

6.3 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van AGT punte.

- Ontwikkel nuwe vaardighede.
- Help jou om aktief te bly.
- Voorsien inhoud vir jou CV.
- Kan tot indiensneming lei.
- Kan terapeuties wees.
- Kan jou leer wat werklik saak maak.
- Help jou om jou netwerk uit te brei.
- Help jou groei. (8)

- Voed die publiek op oor misdaad. (Enige 8 × 1)

6.4 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige TWEE van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van TWEE punte.

- Instandhouding van korrektiewe instellings
- Beskerming van wetsgehoorsame lede van die samelewing
- Hervorming van oortreders
- Voorkoming van misdade (Enige 2 × 1) (2)

6.5 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige toepaslike voorbeeld.

- Om iets te gee sonder om iets terug te verwag.
- Ubuntu – om na andere uit te reik
- Om te weet dat, ten einde te ontvang, jy in staat moet wees om te gee.
- Om na ander mense om te sien/Om vir andere om te gee.
- Om te besef dat die omgewing ’n uiters belangrike bate vir die gemeenskap is.
- Om andere te waardeer en as gelykes te beskou.
- Voorbeeld: Om by ’n tuiste vir vigslyers diens te doen. (7)

[30]

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van DRIE punte.
Die beskuldigdes moet die volgende doen:

- Hulle moet hul paspoorte ingee.
- Hulle moet op ’n spesifieke datum in die hof verskyn.
- Hulle mag nie met staatsgetuies inmeng nie.
- Hulle sal die geld verbeur as hulle nie in die hof verskyn nie, of vlug.
  (Enige 3 × 1) (3)

7.2 Aantekening aan nasiener: Aanvaar enige van die volgende antwoorde as korrek vir ’n totaal van VYF punte.

- Die oortreding waarvan die beskuldigde aangekla word
- Besonderhede van die tyd en plek van die oortreding
- Inhegtenisneming van ’n verdagte
- Besluit oor vervolging
- Aankla van die verdagte
- Formulering van die aanklag teen die beskuldigde (Enige 5 × 1) (5)

7.3 Die plek in ’n hofsaal waar ’n beskuldigde plaasneem wanneer hy/sy in die hof verskyn. (2)

7.4 Mense in aanhouding wat nog nie skuldig bevind is nie en wat nie op borgtog vrygelaat is nie. (2)

7.5 7.5.1 Wetstoepassing/Polisie: Dit handel oor opsporing en inhegtenisneming van verdagte oortreders.

7.5.2 Vervolging: Kla vermeende oortreders aan en vervolg hulle.

7.5.3 Hof: Bepaal die skuld of onskuld van die beskuldigde.

7.5.4 Korrektiewe diens: Het te make met die straf wat die oortreder opgelê word.

(4 × 2) (8)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou